

13 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 10:35-45
Fokusgedeelte: Matteus 10:45

Jesus se missie

'n Mens moet twee keer dink voor jy vir die Here iets vra. Dit waarvoor ons vra, verrai dikwels ons swak insig in die werking van die koninkryk van die hemel.

Die gesprek tussen Jesus en die seuns van Sebedeus wys vir ons hoedat mense hulle rol verkeerd verstaan:

- Hulle het geen visie gehad nie.
- Daarom verstaan hulle Jesus se missie verkeerd.

Jesus is op pad na Jerusalem, dit is sy laaste reis daarheen. Hy is op pad Golgota toe. Dit is 'n lydingsweg. Die atmosfeer rondom Jesus weerspieël egter nie die lyding wat Hy ondergaan nie. Die skare is opgewonde. Hierdie man gaan nog koning word en dan sal alles regkom. Hy kan alles doen en almal gaan in die sukses deel sodra Hy op die troon sit. Selfs die dissipels spekuleer oor hulle toekomstige posisies. Smart en lyding is nie deel van hulle verwagtinge nie. Hulle sou nog baie moes leer.

Jou plek in God se koninkryk praat van opoffering en diens en nie van posisie en mag nie. Die dissipels se swak insig vorm deel van Jesus se lyding. Ná al die onderrig en lering is sy eie dissipels steeds in hulle eie wêreld. Hy wil hulle juis bevry van hierdie wêreld se eersugtige manier van dinge doen. Jesus se lyding sal aan hulle toon dat sy ryk nie oor onderdrukking en magsmisbruik gaan nie.

Ons moet nie klein dink oor die koninkryk nie. Die sonde laat mens visie verloor. Selfs mense rondom Jesus was slawe van 'n wêreldse manier van sake sien en sukses meet. Menslike ambisie is in hoogmoed gewortel. Om eendag die kroon te dra, moet jy self die lydingspad leer ken. Jy moet Jesus se missie verstaan.

Sing: Psalm 138:3 (1936)

Ds. CB Swanepoel (Lyttelton)